# Ons Hoop op 'n Afrikaanse Boustyl


GERARD MOERDYK.

„ARGITEKTUUR het sy politieke nut, openbare geboue is die sieraad van 'n land; boukuns bevestig 'n nasie, trek mense en handel, koester vaderlandsliefde by 'n volk, die grondslag van alle groot dade in die Gemenebes. Die wedywer op kunsgebied van die stede van Griekeland was die werklike rede vir hul grootheid."

Dit het Sir Christopher Wren, die bekende Engelse argitek byna 300 jaar gelede geskryf en staatsmanne soos Rhodes en Milner het die waarheid daarvan ingesien en die sentiment tot 'n politieke leuse geformuleer. Rhodes het in die Kaap met die boustyl van Groot Schuur 'n kunsmatige herlewing van die Oud-Hollandse boustyl teweeggebring, waardeur hy ongetwyfeld gedink het om die ondersteuning en dankbare liefde van 'n groot gedeelte van die Afrikaanse bevolking te wen. Groot Schuur is „Old Cape Dutch" net soos al die ander geboue wat gedurende en net kort na die tyd gebou is waaronder ook val die woning van die Goewerneur-generaal te Pretoria. Die hand is die hand van Esau, maar die stem is die stem van Jakob. Die ou Kaaps-Hollandse boustyl het uit die bodem self, uit die benodigdhede van die Koloniste, uit hul kunsgevoel en liefde vir hul aangenome Vaderland gegroei, terwyl die „Old Cape Dutch"-styl alleen kon vergelyk word met 'n suikerklontjie waarmee 'n „grootmoedige" vreemdeling 'n terughoudende kind probeer paai.

Milner het sy leuse anders in die praktyk uitgevoer—hy het nie gepaai nie, hy het geen herlewing van die Republikeinse boutrant op tou gesit nie—hy het die boukuns van die land sistematies verengels, het die Publieke Werke-departement in die lewe geroep en mense ingevoer van Engeland om die planne vir ons skole, ons geregshowe, ons poskantore, ons hospitale, in kort al ons openbare geboue op te trek, volgens Engelse metodes en ideale—die geboue wat met die volk se geld opgerig word, waarna die volk kyk om hul kunsideale verwesenlik te sien, die enigste geboue waaraan geld bestee kon word na die verwoesting van die driejarige oorlog.

Argitektuur is die kuns waarmee almal in aanraking kom, die kuns wat nie binne die mure van Musea en kunsgalerye gehou word nie. Ons woon in huise, ons werk in kantore, fabrieke en winkels, leer op skole en universiteite, doen besigheid en vind ons vermaaklikhede in nog ander geboue, waar ons kom of gaan in 'n gevestigde samelewing is ons omring van bouwerk, waarvan die openbare geboue die grootstes is en die meeste invloed uitoefen op die volk en sy kunsgevoel. Ongemerk maar baie seker druk hierdie geboue hul nasionaliteitstempel op ons af totdat ons heeltemal onbewus die tiperende kenmerke van die styl absorbeer, sy uitheemse eienskappe nie meer raaksien nie en ons idee omtrent argitektuur, ja ons ideale selfs, laat kristaliseer volgens die geboue wat deur 'n vreemde en nogal 'n vyandiggesinde kultuur op ons land en volkslewe opgedring is.



GROOT CONSTANTIA — Gerard Moerdyk

Hoekom is 'n skildery van Pierneef en 'n standbeeld deur Van Wouw gemaak, Afrikaans? Omdat daarin verwesenlik is die ideale en kunsgevoel van die Afrikaanse volkslewe. Ons openbare geboue daarenteen staan koud en onverskillig teenoor ons nasionale kunsbesef en ontwikkelingstrant omdat hulle die strewe van die volk nie vertolk, nog sy lewenswyse weerspieël nie.

In die geboue deur die koloniste gedurende die 18e eeu in die Kaap opgerig, vind ons 'n nasionale strewe, 'n kunsuiting, 'n weerspieëling van die sedes en gewoontes van daardie dae. Daar is geen namaaksel van die Europese boutrant nie. Die stewige inheemse materiaal, die skikking om plaaslike omstandighede en behoeftes na te kom, die eenvoudige lyne en die deftige ornament, alles werk saam om 'n tiperende nasionale styl in die lewe te roep wat as kerneg bly staan het waaraan kunsmatige herlewings en 'n uitheemse boutrant geen afbreek kon doen nie. Met die besef van volks-identiteit kom die ontwaking van kunsgevoel. Stadig kom die Afrikaner tot die bewussyn dat sy nasionale boukuns geheel en al op die agtergrond gedruk is om aan 'n uitheemse boustyl die kans vir ontwikkeling te verskaf. Dit sal moeite, werk en teleurstelling kos voordat die drade weer opgetel is, maar met volharding en opregte nasionale kunsywer kan die ingewikkelde weefsel deur daardie vroeë patriotte begin, nog uitgebrei en baie ryk word.